Johann Smalberger w or d vermis.My eie weergawe van die gebeure soos ek dit deurgemaak het.

Woensdag 11 September 1963.

Ek het opgestaan net voor middagete toe rob my kom vra of ek nie wou saamgaan na die Glen met die dinghy nie.Ek wou baie graag maar omdat hy die dinghy geverf het en die landingsleer reggemaak het,het ek gese dat hy maar kon gaan,want ek kon sien hy wou baie graag.
Aan tafel is besluit dat Rob,Danny,Gerhard en Johann sou gaan.Net na ete terwyl ons besig was om skottelgoed te was,se Johann dat hy liewer oo land na die Glen wou gaan omdat hy bang was hy sou sy kontaklense verloor as die dinghy anderkant land.Hy het my gevra of ek nie saam met hom wou stap nie.Ek het dit oorweeg maar toe se Danny dat ons minstens vier persone nodig sou he om die dinghy anderkant uit te sleep.Ons is saam na Johann se kamer en het die saak aan hom verduidelik.Ek wou he dat hy saam met die dinghy moes gaan,maar daarvan wou hy niks hoor nie.Danny-hulle het nog8'n persoon nodig gehad om die dinghy te hanteer,maar Herman moes waarnemings doen en Mac was te bang vir die see.Johann het toe gese dat ek maar moet saamgaan en hy sou agterbly.Ek is toe gou na my kamer om'n paraffienblik te kry waarin ek my klere kon droog hou.Toe ek in die gang afstap na die stoor,het ek Johann vir die laaste maal gesien waar hy in die rigting van die ballonhut gestap het.Hy het'n kortbroek en battledress-baadjie aangehad.Ek het nie die vaagste idee gehad dat hy wou gaan stap nie.
Onder by die stoor was Herman,Gerhard,Rob,Danny en Mac al besig om gereed te maak.Een van die outboard motor se klemskroewe was vasgeroes en ons het Servisol en olie probeer maar niks het gehelp nie.Intussen het die weer versleg en dit het begin laat word.Ons het besluit om die rit uit te stel tot'n ander dag.Ons het almal teruggekom na die huis en ek het weer in die bed geklim.
Kort voor aandete het Mac my kom wakkermaak en gevra of ek weet waar Johann is.Dit was al amper tyd vir aandete en hy het nognie begin kook nie.Rob en Herman het al op die dak geklim en geroep,maar Johann was nerens te vind nie.Herman was ook al op die radioteodoliet-terrein en het gese dat hy daar vars spore gesien het tot in die bosse.Ek het my flitslig geneem en gaan kyk.Ek het die spore gekry en dit gevolg tot omtrent 200 tree die ruigtes in waar ek hulle verloor het in een van die oop kolle met digte struike.Ek het omgedraai na die huis en vir almal gevra hoe ver hulle in die bosse in was en ek kon aflei dat dit definitief Johann se spore moes wees.Ons het die Aldis-lig buite opgesit sodat as Johann miskien verdwaal was in die donker,hy dig lig kon sien en die huis vind.
Ons het gewag,maar Johann het nie opgedaag nie.Mac het my gehelp met die bolug opstyging.Nou het ons regtig begin bekommerd word.Ons kon nie in die nag uitgaan om te soek nie en net gehoop dat Johann,as hy Glen toe is dit gemaak het en daar sou slaap tot die volgende dag.Ek en Gerhard sou vroeg die volgende more opstaan en in die rigting van die Glen stap om te sien of ons nie Johann kon vind nie.

<u>Dônderdag 12 September 1963</u>.

Danny het my kom wakker maak om 7-uur.Ek het maar sleg geslaap want ek het my bekommer oor Johann.Gerhard was ook al wakker ens het gou gereed gemaak vir die stap na die Glen.
Dit het gereen gedurende die nag en die gras en bosse was papnat.Ons het eers gegaan na waar ek die spoor gesien het,maar dit was onmoontlik om dit te volg.Ons het op die telefoondraad afgekom en dit gevolgtot op die eerste koppie.Regs van ons was vlaktes tot by die kuslyn en links was hoe berge.Die kuslyn bestaan uit loodregte kranse van gemiddeld 200 voet hoog en dit was onmoontlik om af te gaan na die see.
Dit het nou weer begin reen en ons was skaars by die eerste hoe berg of ek was papnat tot op my lyf dwarsdeur my leerbaadjie en serp.Ons waterstewels het gedurig vol water geword en die gewig daarvan het ons baie uitgeput.Die min slaap van die vorige nag het het my ook begin vang.Die sigbaarheid was baie sleg en ons kon Penguin Island meeste van tyd gladnie sien nie.Ons het die telefoondraad gevolg en maar'n goei pas volgehou.
Ek het gedurig die grond dopgehou.Op plekke was ek seker ek kon spore sien alhoewel baie onduidelik.Dit het dan weer so skielik opgehou dat ek nie meer seker was nie.My bril het so vol wasem en reen geword dat ek dit moes afhaal om beter sien.Ek het dit in my sak gesit waar dit later gebreek het met al die stampe en stote van die klim .
Omtrent halfpad het ons 'n vars sjokolade papier gevind van die soort wat Johann altyd ge-eet het en nou was ons seker dat hy ook die telefoonlyn gevolg het.Nou het ons tussen die berge ingedraai en die klim het al moeiliker geword.Al die riviere was vol en ons moes soms soek na plekke waar ons kon oorgaan.Hier het ons die mees fantastiese rotsformasies gesien,heeltemal onnatuurlik in vorm.Daar was een groot,los regop krans met 'n groot gat deur waardeur mens die see kon sien.Nou het die terrein al meer gevaarlik geword.Orals was los peat en diep afgronde en die wind het soms so sterk gewaai dat ons plat moes gaan sit om nie afgewaai te word nie.Ons is oneindige kere op en af deur

die klowe tot by Sophora Glen.Dit het nog steeds gereen en ons was koud en uitgeput, maar het aangesukkel.My linkerbeen het begin seer en lam word reg bo in die lies. Regoor ons na die noorde was 'n rotspunt,lank en dun net soos 'n vinger en seker maklik 100 voet hoog.Verder na regs was 'n ander punt "The Fidd" en ons het geweet die Glen is reg onder daardie punt.Ons het nog steeds die telefoondraad gevolg en op sommige stel plekke het ons sommer op ons sitvlakke op die modder afgeglei.Ek was nou dwarsdeur koud en om alles nog erger te maak het krampe in my bene begin kry.Ons het uiteindelik onder in Sophora Glen aangekom en ek het met my laaste kragte mank-mank in die rigting van die see gesukkel.Daar was 'n "pebble beach" en aan die Glen-kant was daar 'n steil rots van sowat 60 voet hoog.Hier het 'n t ou opgegaan en ons moes daar oor om by die Glen te kom.Ons het die tou styfgetrek na die linkerkant en dit daar vasgemaak.Ek moes eerste opgaan.Die rotse was brokkelrig en baie gevaarlik.Die tou was al taamlik vrot en op 'n paar plekke was dit al amper dwarsdeur geskaaf.Ek het opgegaan tot amper bo maar kon nie verder nie,want die tou het skeef oor 'n graspol gele wat uit die rotswand groei. Daar was net vastrapplek vir my een voet en ek het aan gerhard geskree om die tou skiet te gee sodat ek dit kon afkry van die graspol.My kragte was gedaan,maar na heelwat gesukkel het ek dit afgekry.Daar was nog net 'n paar voet en ek moes my aan my arms optrek.Toe ek die gewig van my voete afhaal het my bene stokstyf gestaan van die krampe. Dit was geweldig pynlik maar ek het dit gemaak tot bo waar ek gaan sit het om my bene te slaan en vryf.

Nie lank nie of Gerhard was ook bo en ons het die enigste paar blokkies sjokolade wat ek saamgebring het geeet.Ons het nou reg bokant die glen gesit en kon al die geboue daar sien,Ons is verder af tot by die rivier net langs die geboue.Dit was taamlik vol maar ons is sommer regdeur.Die yskoue water het die krampe weer laat terugkom,maar ons het deurgekom en haastig begin rondsoek na 'n paar lee paraffienblikke en droe hout om vuur te maak.Ons kon nog geen teken van Johann sien nie.Ons het die deur van die grootste gebou oopgeforseer en ingegaan.Hierdie gebou was aan die eenkant slaapkwartiere en aan aan die anderkant kombuis en donkerkamer.Ons het die blikke in die een hoek gepak en vuurgemaak met Kaptein Scott se kreefkissies wat ons uit Paul's Cabin gaan haal het.Dit was nou 11-uur.Ons het die afstand na die Glen in 'n rekordtyd afgele. Ons het ons nat klere uitgetrek en voor die vuur opgehang om droog te word terwyl die heerlike warmte ins ons lywe ingetrek het.Gerhard het gou gaan kyk of hy enige spoor van Johann kon kry,maar hy kon niks vind nie.Voordat 'n uur verby is het Gerhard gese dat ons sal moet begin aanstoot as ons die aand voor donker weer by die huis wou wees. Ek het gevoel ek sou dit nooit maak nie.Langs die pad sou my seer been en die koue my plattrek en dan sou die nag ook nog kom.Gerhard kon nie alleen teruggaan nie want dis te gevaarlik.Ek wou hier slaap en later as my been beter is,teruggaan.Ek het hom haat vir sy ongevoeligheid,maar uiteindelik besluit om te probeer al sou ek die helfte van die pad moes kruip tot in die nag.

Die reen het nou effens opgehou.My klere was nog sopnat maar ons het begin aantrke.Ek het 'n ou stuk reenjas opgetel en saam met 'n plastiese tafeldoek onder my leerbaadjie aangetrek om my liggaamswarmte binne te hou.Dis lewensbelangrik in hierdie plek soos ek later op hierdie selfde pad agtergekom het.

Ons het gedink dat Johann seker al by die huis moes wees en dat ons hom net misgeloop het op die pad en ons het nie verder daaroor gedink nie.

Ons is weer deur die rivier.Om die krans met die tou mis te loop het ons 'n entjie hoer op in die Glen oor die steil bergrug geklim tot in Sophora Glen.Ek het my broekspyp met my linkerhand vasgevat en my been so gehelp.Ek het heeltemal moedeloos gevoel as ek dink aan al die berge wat nog voorle en ek het net /3 ledemate gehad om te gebruik om nie nog te praat van die pyn nie.In Sophora Glen het ek aan die verkeerde kant van die rivier opgestap en dtoevallig op die Sophora-bome afgekom.Hulle is nie juis indrukwekkend nie,skralårig met knopperige stamme.Hulle is egter baie raar en hierdie paar was die enigstes van hul soort in die hele wereld en groei net op hierdie klein plekkie in Sophora Glen.Gerhard het nie eens kom kyk nie want hy was nog oorkant die rivier. Ek het 'n klein takkie met blare aan in my sak gasteek en 'n plek gesoek waar ek oor die rivier kon kom.Ek moes weer voor loop om die pas aante gee.Dit het maar stadig gegaan en ek moes kort-kort rus.Solank my been warm was kon ek dit nog gebriuk.Bo in Sophora Glen het ons nou vir die eerste keer die grot gesien waarvan ons al gehoor het. Dit was baie moeilik om by die bek daarvan te kom en ons het net geskree maar daar was geen antwoord nie.Van die ergste klim kan ek nou nie meer veel onthou nie,ek weet net dit was hel soos ek dit nog nooit geken het nie.Die steilste berge was agter die rug, maar die tyd het ook verbygegaan.Die res van die pad was ook nog lank en swaar.Sou ons dit voor donker maak?Ons het nie ligte gehad nie en ook nie droe vuurhoutjies om vuur te maak nie.Gerhard het my gedurig aangemoedig en my ook daaraan herinner dat dit vanaand die eilandprogram was en ek het verwag om 'n boodskap van Suzette te kry.Dit het my weer aangespoor.Ek moes die huis haal.Ons het maar so aangesukkel en ek moes omtrent elke 10 tree rus.Ek het plat in die gras gaan sit en daardie heerlike gevoel van rustigheid gekry.As ek my oe toemaak het my kop geknik en ek het dadelik aan die slaap geraak. Dis seker daardie gevoel wat iemand kry as hy van koue,honger en uitputting omkom.Jy

voel niks meer nie net die heerlike slaap waarvan jy nooit weer sal wakker word nie.
gelukkig was ons twee en gerhard het my gedurig aangepor.
Opdie laaste heuwel, amper 1000 voet hoog, was ek al in 'n soort beswyming. Niks kon my nou meer keer nie. Al wat in my kop was , was die besef dat ons die huis moes haal. Asof dronk het ek aangestrompel en kort-kort neergeslaan. Dit was nou al sterk skemer, maar gelukkig het die agterblywendes weer die Aldis-lig aangeskakel wat ons nou in die verte kon sien. Ons het die plek gekry waar Rob en Gerhard 'n paar maande vroer moes omdraai weens Rob se seer been. Hier was nog 'n paar geroeste blikkies kos wat hulle laat agterbly het. Ons het gou 'n paar blikke oopgemaak en geeet. Nou was dit al pikdonker, maar die kos het nuwe krag gegee. Ons kon die telefoonlyn nie meer volg nie en het maar rigting gevat op die lig. Die bosse was dig hier maar as mens mooi kyk kon mens die ligstraal *in die lug op sien.*
Ons het eindelik erens tussen die B en C-lugdrade van die radioteodoliet uitgekomen nou was dit maklik al langs die kabels af.
Almal was verbaas om ons hierdie tyd van die aand terug te sien en het dadelik gevra of ons Johann gesien het. Dit was 'n groot skok want ons het verwag om hom al tuis te vind. Nou het ons regtig besef dat iets met Johann moes gebeur het. Ons het dadelik 'n sein aan hoofkantoor gestuur dat Johann vermis word en ook gese van die moontlike spore wat ons gekry het.
Ek het gou 'n slukkie wyn gedrink terwyl Mac die bad vol warm water laat loop het vir my. Danny het vir my 'n lekker koppie koffie gebring in die bad. Die koue was so goed in my in dat ek na 'n kwartier nog koud gekry het. Ek moes gou weer uit die bad om na die eiland-program te luiter en jouwaarlik daar was twee boodskappe vir my, een van Suzette en een van my ouers. Na die program is ek bed toe. Ons het besluit om die bolugopstygings te staak sodat ons goeie rus kan kry om al ons kragte aan die soekery in te span. Ek was so moeg soos nog nooit maar ek kon nie slaap nie. Sodra ek wegsluimer, droom ek van hoe ek uit bome en van kranse afstort.

## Vrydag 13 September 1963.

Met ligdag was Gerhard en Rob gereed om te gaan soek. Hulle sou weer die roete na die Glen volg omdat die sjokolade papier genoegsame aanduiding was dat Johann wel daarlangs is. Hierdie keer sou hulle al die gevaarlike plekke goed deursoek en ook met die polisie fluitjie blaas om te luister vir 'n antwoord.
Dit het weer katte en honde gereen. My been was uit aksie en ek het maar gehelp met die koskook.
Teen die aand was Gerhard en Rob nognie terug nie en ons het gehoop dat hulle die Glen gehaal het en daar oornag. Jan Smuts radio was nou gedurig op luister vir ons en ons moes hulle gedurig van die nuutste verwikkelinge in kennis stel. Die aand het Mac se senuwees ingegee en ons moes hom 'n paar doppe brandewyn gee en in die bed sit. Die temperatuur het vinnig begin daal en die laagste minimum hier by die huis was 1.6 grade Celsius.

## Saterdag 14 September 1963.

Niemand het my wakker gemaak nie en ek het eers om half-agt wakker geskrik. Ek het 'n goeie nagrus gehad en my been was sommer baie beter. Buite het die son lekker geskyn maar die wereld was spierwit van die sneeu, die meeste wat ek nog ooit gesien het. Ek het gou vir Herman gaan se hy moet gereedmaak vir nog 'n soekgeselskap. Mac het ook nog geslaap en ek het homm wakkergeskud om solank vir ons te gaan koffie maak. Herman moes gou vir Danny gaan touwys maak hoe om die noodsaaklikste waarnemings te doen.
Om half-nege is ons weg. Ek het vir Danny gese dat ons die deel onder langs die kuslyn wou deursoek en ons sou weer dieselfde aand terug wees. Ons het koers gekies in die rigting van Admiral Rock, maar 'n groot inhamm het ons verhoed om verder te gaan. Ons is toe weer teen die eerste berg op tot by die telefoondraad en by die eerste berg het ons afgedraai na die see. Dit het weer begin sneeu, maar dit was net in buie en tussenin het die son weer uitgekom. Ons het al op die kuslyn langs gestap. Hier was dit, soos die hele pad, loodregte kranse van sowat 200 tot 300 voet hoog. Ons het orals geskree maar daar was geen antwoord nie.
Omtrent 11-uur terwyl ons weer besig was om te skree en luister het ons die polisiefluit bo by die berge gehoor. Ons het koers gevat in daardie rigting en by Gerhard uitgekomm waar hy alleen op pad was na die huis. Hy het ons vertel dat Rob geval het en sy knie beseer het. Gelukkig het hulle die Glen gehaal en daar oornag. Die enigste manier om Rob nou by die Glen weg te kry was met die dinghy en daarvoor was 'n baie kalm see nidig.
Ek het besluit om nog verder te soek op die kuslyn tot by die glen en ons sou daar wag tot Gerhard en Danny ons met die dinghy kom haal. Intussen kon ons Rob help. Gerhard is toe weer alleen verder en ek en Herman is weer af tot by die kuslyn. By een plek kon ons die hele kuslyn tot by die Glen sien, die hele pad onder by die see langs het bestaan

uit 'n smal klipstrand met 'n paar plekke waar die rotse tot in die see loop sodat 'n mens nie daar verby sou kom nie.Ons het probeer afgaan na die see op een plek maar daar was 'n loodregte krans van sowat 150 voet wat ons gekeer het.Nou moes ons terugdraai die berge in.Dit het maar stadig gegaan maar ons kragte het mooi gehou.Waar ons dors was het ons sommer 'n handvol kapok gevat en daaraan gesuig.Ons het so aangesukkel tot in Sophora Glen en om die tou te vermy het ons weer bo-oor die bergrug geklim.Bo-op het ons op die polisie fluit wat ons van Gerhard oorgeneem,geblaas.Dis verbasend om te sien hoe ver die klank daarvan trek want Rob het dadelik in die deur van een van die geboue verskyn.Ons is toe af tot by die geboue.Rob se linkerbeen was gespalk met twee kasplanke. Dit was nou al oor vier-uur maar ons het nog gehoop dat Gerhard en Danny nog voor die aand sou oorkom met die dinghy.Ek wou baie graag die volgende dag by die huis wees , want dit was my verjaardag.Dit het later begin donker word maar die dinghy het nie opgedaag nie.Ons het begin gereed maak vir die nag en genoeg hout bymekaar gemaak om die vuur die hele nag aan die gang te hou.Ons klere was nou al redelik droog en ons kon dit weer aantrek.Ons het tot laat in die nag gesit en gesels en daarna probeer slaap. die meeste vensters was uit en buite het dit weer aaneen gesneeu.Voor die vuur was dit lekker warm maar ons het geen komberse gehad nie en sodra jy gaan le op die harde planke het jy begin koud word.Teen die tyd wat jy insluimer was jy so koud dat jou tande opmekaar klap.Elke keer moes jy jouself weer gaan warm maak by die vuur en dan maar weer probeer om te slaap.Dit het vir my gevoel asof ek die hele nag nie 'n oog toegemaak het nie.Die hele gebou was ook nog so donker van die rook dat jou oe gedurig water en jy skaars kon asemhaal.

<u>Sondag 15 September 1963.</u>

Die Glen het wit gele van die sneeu.Gelukkig was daar nog 'n klomp ou blikkieskos,waaronder gekondenseerde melk en Cambridge-worsies en vir elke maaltyd was dit net Salticrax en worsies.Ons sigarette was al amper gedaan en ons het al die stompies gebere.Ons kon net na elke maaltyd een sigaret elk rook.
Om 9-uur was daar nog geen teken van die dinghy nie en ek en Herman het besluit om in die Glen op te gaan soek.Rob moes agterbly en as Danny-huule kom moes hulle vir ons wag sodat ons saam kon teruggaan.Ons is op 'n paar plekke heen en weer oor die rivier in die rigting van Hagg's Tooth maar daar was geen spoor van Johann nie.Die sneeu het op die meeste plekke die grond bedek sodat dit onmoontlik was om 'n spoor te sien as daar een was.Ons is weer terug na die geboue maar die dinghy het nognie opgedaag nie.Ons het weer geeet en daarna het ek besluit om die hele Glen goed deur te kyk.Teen een van die rotsmure was die name van die prospekteerders wat in 1919 op Gough was.Sommige van die vorige afloese het hulle name ook daar verewig deur sementblokke te giet en dit dan daarop te skryf.Toe ek alles klaar deurgekyk het,het ek alleen in die noordelike rigting al met die klipstrand langs gaan stap.'n Entjie in die see in was Dell Rocks,'n paar los skerppuntige rotse met snaakse vorms.Aan die anderkant van die strandjie wat gemiddeld sowat 10 tot 15 tree wyd was,het die loodregte kranse tot seker goed 1000 voet hoog die lug ingeskiet.Ek het aangestap tot by 'n rotsboog waardeur ek 'n deel van die kus na die noorde kon sien.Ek kon nie verder nie want ek kon nie verby die rotsboog kom nie.
Ek is terug na die Glen waar ek voor op die klippe,naby Archway Rock,gaan sit het.
Hoe klein en magteloos is die mens nie in hierdie Godverlate plek nie.Waar kan Johann wees? As mens net kon weet.Wat kon gebeur het? Dit was vandag my verjaardag.God wat 'n verjaardag.Dit het gevoel asof ek nooit weer sou teruggaan na die Republiek nie.Sou ek my geliefdes ooit weer sien?Ek was moeg en teneergedruk,moeg tot in my siel.
Ek sou enigiets doen om Johann te help,maar waar?
In die klein slaapgeboutjie het ek die oorblyfsels van 'n vuur gekry.Ek het alles goed deurgekyk.Naby die vuurmaakplek het 'n toe paraffienblik gestaan.Ek het dit oopgemaak en binnein was redelike vars menslike uitskeidings.Tussen die rommel het 'n lee Lionvuurhoutjie-dosie gele wat gelyk het asof dit voorheen kon natgeword het.Ek het vir Rob gaan gaan vra of hy en Gerhard miskien in daardie geboutjie was,maarhy het niks van die vuur geweet nie.Ek kon sweer dat Johann daar was en die vuurtjie daar gemaak het.Waarheen sou hy toe gegaan het? Daar was nog net twee moontlike plekke waar ons kon soek.Die een was die kuslyn in die nabyheid van die Glen maar daarvoor sou ons die dinghy moet gebruik,die ander moontlikheid was die berge in die binneland.Miskien het Johann gedink daar is 'n roete agter die berge om of oor die berge.In die berge was daar nerens skuiling nie en ook geen hout om vuur te maak nie.Die sneeu het dik gele daar en hy sou dit nooit maak nie.
Ons het gewag en gewag maar die dinghy het nie gekom nie.Ons het Danny-hulle al lelik vervloek want die see het hier redelik kalm gelyk.Rob was nou 'n probleem en ons moes hom so gou moontlik by die huis kry vir beter behandeling.
Die nag en die sneeu het weer gekomens ons het weer Salticrax en wors geeet.Tenspyte van die koue het ek ietwat beter geslaap as die vorige nag.
Dis seker een verjaardag wat ek nooit sal vergeet nie.

~~[illegible]~~

Maandag 16 September 1963.

Ons het tot ( 9-uur gewag vir die dinghy en besluit om Rob alleen agter te laat sodat ons kon teruggaan huis toe om te kyk wat dan van Danny-hulle geword het. Ons sou hulle dan ook kon help om die dinghy in die water te kry. Ek en Herman is oor Archway Rock en met die tou af. Die weer was redelik en ons het goed gevorder. Herman het mooi gehou vir die eerste ruk maar later moes ek kort-kort vir hom wag.
Naby die huis in die bosse het ek hom agtergelaat sodat hy maar alleen kon aansukkel terwyl ek alleen vooruit gegaan het. By die huis het Danny-hulle my vertel dat ek aangestel is om waar te neem as leier. Ons is dadelik af na die Archway waar die dinghy met outboard motor al gereed gestaan het. Nou kon ek eers sien waarom huule nie gekom het nie want daar was 'n swel van seker goed 8 voet hoog in die Archway en om die dinghy te probeer lanseer was selfmoord. Ons sou vroeg die volgende oggend Probeer. Ons het 'n sein aan Pretoria gestuur oor die nuutste verwikkelings en dat daar nog geen spoor van Johann was nie. Hoofkantoor wou 'n volledige rapport oor die verdwyning asook die moraal van die personeel onder huidige omstadighede he. Ons het gehoor dat die RSA in Kaapstad gereed staan om hierheen te vertrek. Piet le Roux is vanaf Bloemfontein opgeroep na Pretoria. Hy sou kom waarneem as leier asook die personeel aanvul. Die skepe Tristania en Francis Reppetto was in die omgewing van Tritan da Cunha maar kon ons nie kom help nie want in ons gevall was dit nie "Nood op See" nie.

Dinsdag 17 September 1963.

Almal van ons was vroeg die oggend gereed om die dinghy te laat sak. Daar was nog steeds 'n swel reg in die Archway in, maar as ons ons kans mooi afwag tussen die swelle sou ons dit miskien inkry. Die hyskraan staan op 'n afgrond van 120 voet wat loodreg afgaan tot in die see. Reg oorkant, omtrent 20 tree daarvandaan was die Archway rots waar 'n leer afgaan tot naby die oppervlakte van die see. Eers moet die dinghy laat sak word tot sowat 8voet bokant die water en dan moet een van ons met 'n tou laat sak word oor die afgrond. As jy onder is, hang jy naby die dighy, lasso dit met 'n stuk tou en trek jouself nader sodat jy kan inklim. Die persoon wat die hyskraan dryf moet dan op die gegewe teken, vinnig laat sak sodat die persoon onder die dinghy gou kan los kry en wegkom van die rotse voordat die volgende swel kom.
Danny is die kleinste en is met die tou af tot in die dinghy. Mac moes die hyskraan dryf en die dinghy verder laat sak tot in die water. Op die gegewe teken was Mac so senuagtig dat hy nie geweet het hoe om te werk nie. Eers op en toe met 'n harde slag af. Die swelle het weer begin inkom terwyl die dinghy met een punt in die water gehang het en die swel het dit gevaarlik heen en weer geswaai. Ons het geskree en beduie maar Mac was hopeloos en het Danny amper verongeluk. Ons het Danny weer tot 'n paar voet bokant die water opgetrek sodat hy die tou in die hande kon kry en ons het hom verder na bo opgetrek. Hy het gebewe soos 'n riet toe hy bo kom. Ek het besluit van die onderent van die leer na die dinghy te swem as hulle dit op die regte tyd laat sak.
Ek het my kans mooi afgewag en geduik. Die water was so koud soos ys en ek is seker dat mens nie langer as 10 minute daarin kon leef nie. Toe ek by die dighy kom, het Danny laat sak en ek was soos blits aan boord. Voordat ek die roeispane in hul houers kon kry het die swelle weer gekom en ek moes met een roeispaan die dinghy van die rotse afstoot. Ek het die spane gou reggekry en tot ver buite die bereik van die rotse geroei waar ek die outboard aan die gang gekry het en teruggedraai na die afklimrots, waar ons xxxx gewoonlik van die rots af in die dinghy spring die see was 'n bietjie rof en ek kon nie naby die rots kom nie. Gerhard was al gereed en het ingeduik, tot by my geswem en ingeklim. Ons het koers gevat al langs die kus af na die Glen. By Haulround Point was die see meer kalm. Ek het solank die stuk lyn en die reddingsgordel waarmee ons Rob sou intrek, gereedgemaak. Ons kon nie by die Glen land niewant ons twee was nie sterk genoeg om die 800 pond dighy op die klippe uit te sleep nie. Dit was nou al omtrent half-tien. BY die Glen was Rob al gereed en het met sy een been in die water ingesukkel om die reddingsgordel wat ons vir hom uitgegooi het in die hande te kry. Alles het goed afgeloop en gou was ons weer op pad terug.
By die archway was almal al gereed en die hyskraan se hoek het al reg gehang. Rob het die veiligheidsgordel waarmee ons maste klim om sy lyf gesit en dit oor die hoek van die hyskraan gesit. Danny het begin optrek en Rob het met stywe bene al in die rondte geswaai tussen hemel en aarde. Toe hy bo-op die krans kom, het Herman later vertel, was sy oë bot-toe geknyp en hy was so duiselig dat hulle hom moes regop hou. Danny het die dinghy opgetrek tot bokant die water en ek is eerste met die tou op. Dit het maar stadig gegaan en 'n mens voel maar nie te lekker as jy daar 'n 100 voet hoog tussen hemel en aarde hang nie. Uiteindelik was ek bo en het gehelp om Gerhard op te trek. Alles het goed afgeloop en daarna het ons die dinghy na bo getrek en neergesit. Teen hierdie tyd was ons al papnat en blou van die koue. Rob het natuurlik eerste opsie gehad op 'n lekker warm bad.

Dit was nou al amper middag en te laat om 'n soekgeselskap uit te stuur. Ons het besluit om goed uit terus vir die volgende dag. Terwyl ons almal nou by die huis was, sou ons vannag weer 'n bolug-opstyging doen. Ons hoop om Johann te vind was baie skraal. Hy was nie op die roete na die Glen nie en kon enige plek in die binneland wees en daar was duisende plekke om te soek. Hy was nou al ses dae weg en met al die sneeu wat ons gehad het was dit onmoontlik dat hy nog kon leef. Ons kon egter nie moed opgee nie en ons uiterste lewer om hom te vind. Ek het magteloos gevoel as ek dink aan al die plekke waar ons sou moes soek as ons die binneland ingaan. Ons was nou net nog drie wat liggaamlik instaat was om te soek. Rob se been was seer, Mac was hopeloos, want hy sou seker nie eens honderd tree ver kom in hierdie wereld nie en Danny wat ook maar swak is, moes gedurig in kontak met Jan Smuts Radio bly.
As ons net kon sekerheid he oor wat met Johann gebeur het sou ons baie beter voel, want ons senuwees was teen hierdie tyd al heeltemal gedaan. Daar was nog twee plekke wat ons moes soek. Die een was die kuslyn naby die Glen en die ander was die hele binneland. Ons het toe besluit dat ek en Herman die volgende oggend die binneland sou ingaan en as die see dit toelaat sou Danny-hulle met die dinghy uitgaan om die kuslyn te bespied.

<u>Woensdag 18 September 1963.</u>

Die see was nog steeds nie te kalm nie en ek en Herman is half-nege by die huis weg om te soek na 'n moontlike roete agter die berge om. Ons het koers gevat in 'n rigting tussen die telefoondraad en die roete waarlangs ons voorheen gaan bergklim het. Ons het ons egter misreken met 'n diep kloof en moes terugdraai die ou roete die berg op. Dit was 'n baie moeilike klim, want die boomvarings was hier so dig dat ons skaars kon beweeg. Ons het stadig maar seker aangestryk tot by die eerste piek waar ons eenkeer, vroeg in Augustus omgedraai het. Ons het gedink dat ons toe op South Peak was, maar soos ons later sou uitvind was hierdie net 'n deel van wat die landkaart as South Peak aangee. Hiervandaan kon ons weer daardie snaakse plat bergrug sien en regoor na die noordweste was die piek wat ons aangeneem het as Mount Rowett. Dit was in werklikheid South Peak. Ons het nou eers 'n bietjie gerus iets geeet. Hierna het ons afgegaan na die plat bergrug wat ons aangeneem het as Albatros Plain. Die oppervlakte van die rug was plat en moerasagtig sodat ons op 'n paar plekke so diep ingesak het dat daxx ons amper paniekerig begin word het. Ons het gestap in die rigting van die see en 'nes van die Wandering-Albatros gekry. Die kuiken daarop was omtrent drie maal so groot as 'n uitgegroeide Molly Albatros. Sy hele lyf was bedek met spierwit donsies. Op die vlerke was meeste al af en die swart vere het begin uitsteek. Ons het later uitgevind dat dit 'n hele jaar neem voordat so'n kuiken begin vlieg en die nes verlaat.
Dit was baie koud hier bo en die sneeu het nog in kolle gelê alhoewel die meeste al die vorige dag of twee al gesmelt het. Op die verste punt van hierdie rug was twee klein meertjies. Ons het tot naby die kant gegaan en gesien dat hulle heelwaarskynlik baie diep is. Hierna is ons af na die riviertjie aan die noordekant van die rug waar ons weer gerus en water gedrink het. Nog verder noord was 'n bergrug, nie te hoog hier nie en as ons bo kon kom sou ons 'n groot deel van die eiland na die noorde kon sien. Toe ons bo kom het ons monde oopgehang van verbasing oor die uitsig. Reg voor ons was 'n kloof, seker maklik 1000 voet diep, met verskriklike afgronde en ontelbare kartels en verwronge voue. Nog verder na die noorde was Hagg's Tooth en ons het geweet dat die Glen net oos daarvan was. Om egter deur hierdie kloof te kom was menslik onmoontlik en mens sou heeltemal na die weste moet draai om dit te kom. Ons het hier 'n paar fotos geneem en Herman het voorgestel dat ons moes omdraai want ons was alreeds @ 4 ure op pad. Dit sou egter net nog sowat 'n halfuur neem tot by die top van die piek wat ons aangeneem het as Mount Rowett. Ons het besluit om maar tot by die top te gaan en dan weer om te draai. Van die top sou ons ook die westelike deel van die eiland konsien. Die bergruggie waarop ons geklim het het al hoe nouer geword totdat dit my herinner het aan die eerste berg net bokant die huis. Toe ons op 'n klein knoppie naby die kruin kom, kon ons die bokant van Sophora glen sien, nog meer skrikwekkend as die kloof van 'n rukkie gelede. Na die noordweste was daar 'n groot plat berg, nog hoer as Hagg's Tooth waarvan die een kant amper 'n reghoek gemaak het in ons rigting. Die top daarvan was nog heeltemal met sneeu bedek en die sye daarvan het bestaan uit horisontale riwwe wat my laat dink het aan die Grand Canyon. Ek het my nog staan en vergaap aan die gesig toe Herman my aan die skouer vat en sê "Ag God, Bernie, daar lê hy". Ek het gekyk na waar hy wys maar kon nognie mooi uitmaak nie, want die sneeu het nag taamlik dik gele. Ons het nader gegaan en ek het die laaste drie fotos op my kamera gebruik vanuit verskillende posisies. Wat moes ons nou doen?. Ons het die ontblote dele met mos bedek en dadelik omgedraai huis toe.
Ons is sommer reg af met die berg tot by die eerste piek en sonder om weer te rus af na die huis. Op een plek het 'n klip dwars deur een van Herman se stewels gesteek en sy enkel beseer. Ons het egter nie gestop nie en die afstand na die huis gou afgele. By die huis moes ek my eers regruk en die knop in my keel afsluk. Ek het die ander die nuus gaan meedeel. Ons het dadelik 'n sein aan hoofkantoor gestuur en ook hul advies gevra. Hierna het ek na my kamer gegaan want ek wou allen wees. God, waarom moes so-iets gebeur, dis mos nie regverdig nie.

## Donderdag 19 September 1963.

Ons het die antwoord van hoofkantoor ontvang. Daar moes ondersoek ingestel word oor wat die dood veroorsaak het en ons moes begrafnis hou op die plek waar die lyk gevind is. Ons moes hoofkantoor ook in kennis stel van die datum en tyd waarop die begrafnis sou plaasvind. Ons het 'n kruis van aluminium pype gemaak asook 'n naamplat. Dit sou uiters moeilik wees om 'n kis tot op South Peak te kry en ons het besluit dat die beste sou wees as ons die lyk in 'n laken, kombers, grondseil en 'n rubberlaken toedraai. Danny het vir my 'n verkorte weergawe van die begrafnispreek gemaak, Want ek moes die seremonie waarneem.

## Vrydag 20 September 1963.

Om 6-uur die oggend was ons almal op. Die weer was redelik en ons het 'n sein aan hoofkantoor gestuur dat die begrafnis om presies 2-uur G.M.T. sou plaasvind. Alle radio-kontak met Jan Smuts is verbreek tot die aand, want ons moes almal die begrafnis bywoon. Rob sou allen agterbly met sy seer been. Om half-agt was alles gereed en ons het begin aanstoot. Ons het nog skaars begin klim of arme Mac was pootuit. Ons het hom gehelp, aangejaag, aanpor en op plekke selfs gestoot. Ons moes baie rus en om kwart voor een het ons by die plek aangekom. Ek en Herman wou die lyk nie weer sien nie en het solank gesoek na 'n plek waar ons sagte grond kan kry om 'n gat te graaf. Die diepste plek wat ons kon kry was tussen 3 en 4 voet voordat mens op die rotsbodem kom. Mac, Danny en Gerhard het die lyk ondersoek. In een van die sakke het hulle 'n paar dosies National vuurhoutjies gevind. Ons het alles gereed gekry en om presies 2-uur met die begrafnis begin. Na die seremonie het ons die kruis ingeplant, die graf opgevul en die hopie heeltemal met mos bedek.

XXXXXXXXXXXXXXXXXXXXXX

Mac is A.H. Mackenzie die mediese beampte.
Danny is D.J.Oldewage die radio-operateur.
Rob is R.W.Johnston die radio-tegnikus.
Gerhard is G.Marcus weerkundige.
Herman is H.F.Ihlenfeldt weerkundige.
Ek is B.R.Meyer weerkundige.